



Kry vinnig hulp: bel 107

Skakel die tolvry-nommer 107 vanaf 'n landlyn vir hulp in 'n noodgeval. Sê aan die operateur wat jou naam en huisadres is en beantwoord die vrae. Maak seker dat jou huis duidelik genommer is sodat die helpers jou vinnig kan bereik.

As jy vanaf 'n selfoon skakel, skakel **021 480 7700**.

My huisadres is:



Kry vinnig hulp: bel 107	Ja	Nee
1. As 'n brand ontstaan, wie moet jy bel vir hulp?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
a. Jou bure.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b. Die polisie.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c. 107.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Ken jou hele gesin die noodnommer 107?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
3. Het jy 107 langs julle telefoon neergeskryf waar almal dit kan sien?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Liewe kinders

Ek is jou gawe brandbestryder en hierdie is my hond Max. Baie kinders word elke jaar in brande beseer. Hier is sewe belangrike dinge wat sal help om jou teen brande te beskerm.



Lees saam met jou gesin en maats deur elk van die sewe boodskappe. Praat oor die prentjies en beantwoord die vrae onderaan elke bladsy.

Onthou: Brand- en lewensveiligheid begin by die huis. Deel dit wat jy geleer het met jou maats en gesin!

Dis hoe jy 'n verskil kan maak:

- Sê aan volwassenes dat hulle vuurhoutjies en aanstekers op 'n veilige plek moet hou: buite sig en buite bereik van jong kinders.
- Leer hoe om "te stop, te val en te rol" en laag onderdeur rook te kruip. Leer dit ook vir jou gesin en vriende.
- Leer hoe om 'n brandwond af te koel.
- Laat jou hele gesin bymekaarkom om te beplan hoe julle gaan ontsnap.
- Maak seker dat jy weet wat jou huisadres is en hoe om in 'n noodgeval 107 vir hulp te bel.

Hierdie kontrolelys is deur die Stad Kaapstad se afdeling vir brandveiligheid saamgestel.

Dit is ook op versoek en in Engels en Xhosa beskikbaar.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

BRAND- EN LEWENSVEILIGHEID KONTROLELYS VIR SKOLE



Maak vooruitgang moontlik. Tesame.



Hou vuurhoutjies en aanstekers op 'n veilige plek

Om met vuurhoutjies en aanstekers te speel, is gevaarlik want 'n klein vuurtjie kan maklik buite beheer raak en 'n groot brand word.

Vuurhoutjies en aanstekers moet veilig buite sig en buite bereik van kinders gehou word.

As jy op vuurhoutjies en aanstekers afkom, sê aan 'n volwassene om dit op 'n veilige plek te sit.




Hou vuurhoutjies en aanstekers op 'n veilige plek	Ja	Nee
1. Word vuurhoutjies en aanstekers in jou huis buite sig en buite bereik van kinders gehou?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Indien nie, het jy aan jou ouers gesê om hulle op 'n veilige plek te sit?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
3. Sal jy 'n volwassene vertel as jy sien 'n maatjie speel met vuurhoutjies of aanstekers?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>



Verkoel 'n brandwond

Tree vinnig op om 'n brandwond af te koel. Bespat die brandwond met water of hou die area wat gebrand het in koel water vir 20 minute.

Sê aan jou ouers om koel water te gebruik en om nooit room, botter, olie, ys of tandepasta op 'n brandwond te sit nie. Hierdie goed sal 'n brandwond vererger.



Verkoel 'n brandwond vir 20 minute.

Verkoel 'n brandwond	Ja	Nee
1. Wat moet jy doen as jy jou hand sou brand?		
a. Verkoel die brandwond in koue water	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b. Stop, val en rol	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c. Botter op die brandwond sit	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Het jy jou ouers geleer hoe om 'n brandwond af te koel?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>



Stop, val en rol

As jou klere aan die brand sou slaan, moet jy vinnig optree om die vlamme te blus.



STOP en moenie hardloop nie.



VAL op die grond en bedek jou gesig met jou hande. .



ROL om en om om die vlamme te blus.

Stop, val en rol	Ja	Nee
1. 1. Wanneer moet jy stop, val en rol?		
a. Wanneer jou klere aan die brand slaan.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b. Wanneer jy jou hand op die stoof brand.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c. Wanneer jy die rookalarm hoor.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Het jy jou hele gesin geleer hoe om te stop, te val en te rol?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>



Word wakker! Kry 'n rookalarm!



Die meeste huisbrande ontstaan in die nag. 'n Huisalarm sal jou wakker maak voordat die brand buite beheer is en té erg word. Kry dus 'n rookalarm; dit kan jou lewe red!

Wanneer jy die rookalarm hoor, moenie tyd mors nie. Moenie probeer om jou goed te red nie. Kom uit die huis en bly buite!

Word wakker! Kry 'n rookalarm!	Ja	Nee
1. As jy die rookalarm hoor, wat moet jy doen?		
a. Omrol en verder slaap.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b. Uit die huis kom en buite bly.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c. Jou goed red.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Het julle 'n rookalarm in jou huis?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Indien nie, het jy jou ouers gevra om een te koop?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>



Beplan hoe julle gaan ontsnap

Baie mense word binne-in hulle huise vasgekeer wanneer 'n brand ontstaan.

Beplan hoe julle gaan ontsnap. Maak seker daar is meer as een manier om uit elke vertrek te kom sodat julle maklik kan ontsnap. Kies 'n veilige plek buite die huis waar julle bymekaar kan kom. Laat die hele gesin julle ontsnappingsplan inoefen.



 Beplan hoe julle gaan ontsnap	Ja	Nee
1. Het jy beplan hoe om van 'n brand in julle huis te ontsnap?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Is daar meer as een manier om uit elke vertrek te kom?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
3. Het julle as gesin die ontsnappingsplan ingeoefen?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>




Kruip laag onderdeur rook

As 'n brand ontstaan, moet jy buite kom en buite bly! Rook is warm. Om rook in te asem, kan mens doodmaak. Kruip dus laag onderdeur rook om van die brand te ontsnap. Hou laag en beweeg, beweeg, beweeg!



Kruip op jou hande en knieë. Moenie op jou maag seil nie. Giftige gasse sak af na die vloer toe.

 Kruip laag onderdeur rook	Ja	Nee
1. As 'n brand sou ontstaan, moet jy:		
a. Buitentoe hardloop.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b. Laag onderdeur die rook kruip.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c. Uit die huis kom en buite bly.	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Het jy saam met jou hele gesin geoefen hoe om laag onderdeur rook te kruip?	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>